# Hoofstuk 4

## Vergelyking en beredenering van die vernaamste ooreenkomste en verskille

### 4.1 Inleiding

Die vergelykende studie is enersyds die gevolg van die opvallende parallelle tussen die agtergrond en rolspelers van die geskiedenis van koloniale verset in Algerië en Suid-Afrika, maar is andersyds veral gemotiveer deur die uiteenlopende resultate daarvan.

Die vraag waarop gefokus word, is waarom die verset in Suid-Afrika nie so 'n ernstige vorm soos die in Algerië aangeneem het nie.

Hierdie uitgangspunt word gebaseer op De Klerk[1] se mening dat wanneer die geskiedenis van net twee lande met mekaar vergelyk word, dit eerder om die vind van verskille as van ooreenkomste behoort te gaan. Ten einde sinvolle afleidings te kan maak, behoort die oorsake vir die verskille bepaal en verklaar te word.

In die lig hiervan fokus hierdie hoofstuk primêr op die beredenering van die verskille in die regse blanke verset in Algerië en Suid-Afrika en die redes daarvoor, alvorens tot gevolgtrekkings daaroor gekom word. Voordat daar oorgegaan word tot 'n bespreking van die verskille word die oogluikende ooreenkomste, wat tot die vergelykende studie van die periodes van blanke regse verset in die twee lande spesifiek aanleiding gegee het, bespreek.

### 4.2 Belangrikste ooreenkomste in die Algerynse en Suid-Afrikaanse situasies

#### 4.2.1 Die rolspelers

Die mees opvallende ooreenkoms in beide die Algerynse en Suid-Afrikaanse blanke regse verset is die rolspelers. In albei lande kom 'n blanke regse minderheid in opstand teen die hervormings wat op hulle afgedwing word en waardeur hulle die gevaar staan om hulle bevoorregte posisie ontneem te word. In beide gevalle gaan dit oor die oordrag van gesag aan die meerderheid van die bevolking, die prysgawe van bevoorregting, maar ook die prysgawe van dinge soos die Westerse wyse van regering.

---

[1] P. de Klerk, "Die Suid-Afrikaanse geskiedenis in vergelykende perspektief: 'n metodologiese ondersoek", ***Historia***, vol. 44, no. 2, Nov. 1999, p.291.

Die rolspelers in die verset het egter veel meer as net die feit dat hulle blanke, regse minderhede is in gemeen. Beide groepe deel 'n historiese agtergrond waarin die rol en gevolge van kolonialisme nie onderbeklemtoon kan word nie. Hulle is deel van die Europese kolonisasie van Afrika en het as Europeërs in Afrika kom wortelskiet en met hulle sweet en bloed die lande, Algerië en Suid-Afrika, kom tem en ontwikkel. Dat hulle en hulle nakomelinge in die proses in die meeste gevalle beloon is met 'n goeie lewenstyl en status, het die vooruitsig om dit prys te gee onaanvaarbaar gemaak.[2]

In albei lande was die blanke regse verset nie direk gerig teen die anderskleurige, inheemse bevolking nie, maar teen die owerhede wat die gesag aan die mense, wat politieke bevryding nagestreef het, wou oordra. Vanweë hulle koloniale agtergrond en hulle ervaring van die verskille tussen blankes en anderskleuriges was regering deur die inheemse bevolking 'n onaanvaarbare gedagte en het rassevooroordele en rassemeerderwaardigheid 'n belangrike rol in hul verset gespeel. In albei lande was die landsbevolking verdeeld, nie net in rasse nie, maar ook ten opsigte van menings binne die eie etniese groep oor wat vir hulle aanvaarbaar sou wees.

Insiggewend is die ooreenkoms ten opsigte van die ondersteuningsbasis wat die versetgroepe geniet het. Beide die *pieds noirs* en die Afrikaners het hulle krag hoofsaaklik geput uit hul rol en verbondenheid binne hulle onderskeie lande se weermagte, wat veroorsaak het dat 'n militêre opsie vir hulle deurgaans 'n logiese opsie was. In Algerië het generaals Salan en Massu die toon op militêre gebied aangegee, terwyl generaal Constand Viljoen, hoewel hy reeds afgetree was, in Suid-Afrika moontlik nie groot probleme sou ondervind het om die land se weermag agter hom te skaar nie. Hoewel die militêre steun wat die versetgroepe kon genereer 'n groot ooreenkoms in die twee versetsituasies was, was die uiteindelike hantering daarvan om verskeie redes waarskynlik verantwoordelik vir die verskillende uitkomste van die blanke regse verset in Algerië en Suid-Afrika.

Aansluitend hierby behoort die rol en motiverings van politieke groeperinge en indiwiduele politici onder die loep geneem te word. Hoewel talle ooreenkomste tussen die Afrikaner-Weerstandbeweging (AWB) van Eugene Terre'Blanche en die organisasies van die *pieds noirs* bestaan, is die deurslag ten opsigte van die uiteindelike uitkoms gegee deur die rol van politieke leiersfigure. Die verloop en afwenteling van die blanke verset in beide lande is in 'n groot mate bepaal deur dinamiese politieke

---

2 Vgl. hoofstuk 2, afdeling 2.2, en hoofstuk 3, afdeling 3.2, hierbo.

leierskap, en beide De Gaulle en De Klerk se optrede het 'n groot rol daarin gespel dat die verset misluk het. In weinig konflik- of versetsituasies ter wêreld het die politieke visie van sterk leiers waarskynlik so 'n groot rol gespeel. Aangesien beide De Gaulle en De Klerk as wêreldleiers van formaat geag is in hulle onderskeie eras was dit by albei waarskynlik 'n saak van eer om die problematiek waarmee hulle gekonfronteer is ter wille van interne stabiliteit in hulle lande sowel as hulle buitelandse prestige aanvaarbaar te beredder. Die internasionale druk wat op hulle uitgeoefen is, kan in beide gevalle as motivering vir die dinamika in hul hantering van die onderskeie kwessies gesien word.

Die ooreenkomste ten opsigte van die rolspelers kan in 'n neutedop saamgevat word as synde hul historiese agtergrond en hul ekonomiese, sosiale en politieke rolle in hul onderskeie lande, wat in beide gevalle gemik was teen 'n groter massa wat politieke bevryding nagestreef het, en wat hulle in direkte konfrontasie met die politieke doelwitte van dinamiese politieke leiers gebring het. Europese koloniste en hulle afstammelinge, wat 'n minderheid in die bevolking in albei lande was, maar op politieke, ekonomiese en sosiale gebied 'n dominerende rol gespeel het, het ernstig gevaar geloop om hul posisie te verloor deur die uitbreiding van politieke regte na die hele bevolking. In albei lande het die verset van die inheemse bevolkings teen die bestaande orde, saam met internasionale druk, die uitbreiding van hul politieke regte onvermydelik gemaak.

### 4.2.2 Redes vir die verset

Die bevrydingstryd wat die inheemse Afrikabewoners vir dekades teen kolonialisme of sy nalatenskap gevoer het, het in die tydperk sedert 1954 in Algerië en sedert ongeveer 1988 in Suid-Afrika sodanig verskerp en in omvang toegeneem dat dit die voortbestaan van die status quo bedreig het.

In beide lande het die realiteite van die opbouende konflik die regerings gedwing om hervormings aan te pak ten einde die voortslepende konflik met massiewe geweldspotensiaal te beredder. Die motivering was in albei gevalle die skep van vrede, stabiliteit en vooruitgang, en ook die noodsaak om ag te gee op internasionale druk. In albei lande het 'n groot groep onder die eens bevoorregte blanke minderhede, vasgevang in 'n gees van vrees, die verskerpte sosiaal-maatskaplike, ekonomiese en administratiewe hervormingsmaatreëls vertolk as kapitulasie en verraad van die regering. Hierdie persepsies het gelei tot verset teen alle vorme van verandering en was hoofsaaklik gemotiveer deur 'n vrees dat 'n bevoorregte lewenstyl prysgegee sou

moes word wanneer die onderskeie regerings uiteindelik alle wetgewing, wat op rasse-bevoordeling neergekom het, van die wetboeke sou skrap.

Uit die bespreking van die agtergrond en oorsake vir verset in hoostukke 2 en 3 hierbo blyk dit dat die stukrag vir die blanke regse verset in beide gevalle gedeeltelik veroorsaak is deur vrese ten opsigte van die eie kultuurgroep en die ekonomiese realiteite van 'n vinnig groeiende bevolking teen die agtergrond van 'n stagnerende ekonomie waarin werkloosheid aan die orde van die dag was.

### 4.2.3 Geografiese omvang van die verset

In Algerië was die blanke regse element saamgetrek in Oran, Algiers en Constantine en was dit vanuit hierdie bastion van hulle steun dat hulle die wapen teen hulle eie regering en die Front de Liberation Nationale (FLN) opgeneem het. Vanaf 1954 was die Europese buurt Bab el Qued die simbool van die blankes se weerstand teen verandering en is Casbah verander in 'n stadjie van rewolusionêre geweld.[3]

Dieselfde geografiese gesentreerdheid was in die blanke regse verset in Suid-Afrika aanwesig, deurdat die hoofmomente van die verset hom in die tradisioneel konserwatiewe gebiede van die voormalige provinsie Transvaal, soos die Wes-Rand, Pretoria, Ventersdorp en Rustenburg, afgespeel het, hoewel dit waarskynlik geografies minder gekonsentreerd as in Algerië was.

In beide gevalle was die blanke regse verset gevolglik nie 'n landswye verskynsel nie, maar is die aktiwiteite van die opstandelinge beperk tot die areas wat hulle bewoon het. Die geografiese beperking van hulle terreurdade tot die direkte omgewings waaruit hulle hul steun geput het, het waarskynlik in albei gevalle 'n rol gespeel in die mislukking van die verset.

### 4.2.4 Verloop van die stryd

Die Algerynse blanke regse verset teen die Franse regering se hervormings en nuwe beleid ten opsigte van die inheemse bevolking was, soos dié van die regse Afrikaners, nie die gevolg van dekades van mobilisering en beplanning nie.

Teen 1956 kon die *pieds noirs* na hulle optrede teenoor die Franse premier, Guy Mollet, by hernuwing op die steun van die Franse regering om hul voorregte te beskerm, reken. Die resultaat daarvan was dat die Franse regering, en nie die regses

---

[3] Vgl. hoofstuk 2, afdeling 2.2, hierbo.

nie, militêre optrede teen die opstandige vryheidvegters verskerp het en die regses met 'n wet op spesiale magte gepaai het.[4]

Die Franse regering het daarna 'n uitgerekte landelike stryd teen die FLN gevoer en eers teen Desember 1959, toe FLN-guerilla-optrede teen die blankes verskerp het, het blanke ekstremiste besluit dat patriotiese militias op die platteland gevorm moes word om hulself te beskerm en om die terroriste te verslaan. Teen 1962 was hul kortstondige verset op 'n einde.

In Suid-Afrika het die groeiende verdeeldheid in regse geledere en die toenemende vervreemding en verwydering tussen die reaksionêre en verligte elemente sedert 1988 binne die Nasionale Party (NP) dinamiek verleen aan die latente Afrikaner-Weerstandsbeweging (AWB). Die regses se gereedmaking vir geweld was relatief kort, dog intens. Vanaf 1988 het die regses hulle gereedgemaak vir konfrontasie, maar die werklike konfrontasie het eers teen Mei 1990 gerealiseer toe bomontploffings dele van Gauteng met gereelde tussenposes getref het. Met die "Slag van Ventersdorp" in Augustus 1991 en die moord op die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party (SAKP)-leier, Chris Hani in April 1993 as hoogtepunte, was die Bop-inval 'n keerpunt in die regse opstand, wat as kortstondig tipeer kan word.

In beide lande was die momente van ware, gewelddadige verset deur die regses self kortstondig. Hoewel die versetgroepe deur 'n vreespsigose gedryf is, het hulle in hulle versetmetodes van stedelike terreur die vreesfaktor uitgebuit tot hulle voordeel.

## 4.3 Verskille in die versetsituasies

### 4.3.1 Verskille met betrekking tot die rolspelers

In die behandeling van die agtergrord tot die regse blanke verset in Algerië en Suid-Afrika het verskeie opvallende verskille rakende die rolspelers in die verset na vore gekom. Eerstens het die uiteenlopende groepering van die rolspelers in die verset 'n duidelik verband met die uitkomste in die twee versetsituasies getoon. Die regeerders, die regse leiers, die politici en die weermag, afsonderlik sowel as gesamentlik, was divergerende dog bepalende faktore in die verloop en uitkoms van die verset.

[4] Vgl. hoofstuk 2, afdeling 2.4.2, hierbo.

### 4.3.1.1 Groepering van die rolspelers

In Algerië was die Algerynse *pieds noirs* tot met die aanvang van De Gaulle se tweede bewind in Junie 1958 byna voortdurend van die steun van politieke partye in Parys verseker. Die regse blankes kon met die steun wat hulle vanuit Frankryk ontvang het die sentimente van die regeerders in Algerië manipuleer ten gunste van 'n Frans-gedomineerde politieke bestel. In effek het dit neergekom op die vorming van 'n nieamptelike of informele verbond tussen die regses en die Franse regering gemik teen die inheemse vryheidsvegters. Deur die vryheidsvegters die stryd aan te sê, is gehoop dat hulle strewes aan dié van die regse blankes onderwerp sou kon word en dat Algerië as verlengstuk van Franse mag en met oogluikende voordele vir Frankryk sou kon voortbestaan. Vir 'n relatief kort tydperk (drie jaar) het die skaal vanuit regeringsgeledere in Parys, geïnspireer deur De Gaulle se standpunt en druk vanuit die Europese Gemeenskap, teen die regses begin swaai. Vir die grootste gedeelte van die konflik in Algerië was die regses en die Franse regering stalmaats.

Hierteenoor het die regses in Suid-Afrika van meet af aan met die NP-regering van P.W. Botha, en daarna, F.W. de Klerk gebots oor die hervormings en die beweging in die rigting van 'n swart meerderheidsregering. Die regse standpunt het lynreg teenoor die regeringstandpunt en die strewe van die rewolusionêre vryheidstrewe van die inheemse massa gestaan. Die regering is as verraaier van die Afrikaner en die Afrikanertoekoms gebrandmerk en alle moontlike stappe is geneem om die regering te stuit in die uitvoer van sy beoogde beleid ten gunste van demokratiese regte vir alle landsburgers.

In teenstelling met die Franse regering se aanvanklike verbondenheid en lojaliteit teenoor die Franse setlaars in Algerië het die blanke regses in Suid-Afrika se verset teen doelgerigte regeringsbeleid te staan gekom.

Aansluitend hierby kan die Algerynse regses se solidariteit as groep gesien word. Die blankes in die land het byna sonder uitsondering hul beywer vir dieselfde ideaal. In Suid-Afrika was die groepering van die blanke Afrikaners 'n perd van 'n ander kleur. Nie alleen het die regse blankes teen ander rasse gegroepeer nie, maar binne blanke geledere in die algemeen en regse blanke geledere in die besonder het geweldige verdeeldheid geheers. Die magdom weerstandsgroepe en splintergroepe is bewys daarvan dat daar onder die regse Afrikaners geen sprake van eenheidsverset was nie. Vir die Algerynse regse blankes het hul bedingingskrag in hulle solidariteit gelê, terwyl die regse verset in Suid-Afrika deur Afrikanerverdeeldheid gekortwiek is.

Die uiteenlopende magsgroeperinge en steunbasisse in die twee lande was na my mening die primêre rede waarom die verset in Suid-Afrika nie so 'n ernstige vorm as die verset in Algerië aangeneem het nie.

### 4.3.1.2 Regerende leiers

Nog 'n bepalende aspek in die uitkoms van die twee versetsituasies was die leierskap wat aan bewind was en hulle hantering van die versetgroepe.

In die Algerynse situasie het 'n gebrek aan realistiese beleidsformulering deur die wisselende Franse regerings die suksesmoontlikhede van vreedsame verandering gekniehalter. Die Franse politieke bestel is aan die begin van die vyftigerjare gekenmerk deur voortdurende verdelende optrede deur veelvuldige partye en faksies. Koalisievorming, onstabiliteit, hernude versplintering van koalisies en nuwe koalisies wat telkens gevorm word, het eenvormige optrede en 'n werkbare beleid onmoontlik gemaak. Die snel opeenvolgende regerings van Pierre Mendes, Guy Mollet, Felix Gaillard, Pierre Pfimlin en Charles de Gaulle was vanweë die gebrek aan eenheid in die regering nie by magte om ware konstruktiewe oplossings vir Frankryk se politieke probleme te vind nie, hoewel elkeen van hierdie leiers ná hervorming in een of ander vorm gestreef het. Die snel wisselende Franse politieke opset het 'n deurlopende beleid teenoor die setlaardrukgroep, sowel as die rewolusionêre vryheidsvegters in Algerië in die wiele gery.

Die weifelende optrede en negatiewe houding van die Franse amptenary ten opsigte van hervorming as gevolg van hulle simpatie met die *pieds noirs* het 'n keerpunt bereik tydens De Gaulle se tweede bewindsaanvaarding in 1958. Sy charismatiese leierskap, 'n gesindheidsverandering onder die kiesers en die hoë premie wat hy op die prestige en rol van Frankryk binne die Europese Gemeenskap gestel het, het dit vir hom moontlik gemaak om sterk standpunt in te neem ten opsigte van die Algerynse kwessie.

De Gaulle het geen geheim van sy beleid en hervormingsdoelstelling in Algerië gemaak nie. Sy dinamiese hantering van die weermag was van deurslaggewende belang. Sy ferm optrede teen die generaals in Algerië het sy leierskap bo weermagsentimente met betrekking tot die *pieds noirs* verhef en die weermag gedwing om die realiteite in die gesig te staar.

Binne drie jaar het hy korte mette met die Algerynse konflik gemaak. Deel van sy sukses was te danke aan sy manipulerende optrede teenoor die FLN deurdat hy

geheime samesprekings met distriksleiers in Algerië gehou het en daardeur onderlinge wantroue onder die FLN-leierskap gesaai het. Sy sterk optrede teenoor opruiers onder die *pieds noirs*, wat summier uit die land verban is, en ontslag van oneffektiewe ministers het alle twyfel oor sy vasberadenheid om die konflik bevredigend te ontlont die nek ingeslaan en hom die oorweldigende steun van die kiesers in die referendum besorg.

Terugskouend kan beweer word dat die Franse hantering van die regse blanke verset in Algerië ernstig benadeel is deur die politieke wisselvalligheid en talryke ministeriële krisisse in Parys. Die verwyderdheid van die beleidmakers in Frankryk van die realiteit van die omstandighede en gesindhede in Algerië was ook 'n belemmerende faktor, wat eers met De Gaulle se persoonlike besoeke en sy verkryging van eerstehandse inligting omgeswaai is sodat realiteite in die gesig gestaar is. Anders as in Suid-Afrika was hervorming nie 'n eenvormig deurlopende proses deur een regerende party met langtermyn doelstellings nie, maar is die fokus sporadies deur elke nuwe bewind verskuif. Genoegsame verandering is nie betyds geïmplementeer nie en op die tydstip waarop dit in alle erns aangepak is, was die regse blankes nie werklike sielkundig gereed vir die plotselinge veranderinge waarmee hulle gekonfronteer is nie.

Die Suid-Afrikaanse hantering van die massa se vryheidstrewe het 'n radikaal verskillende verloop gehad. Oor die grootste gedeelte van 'n eeu was die blanke bevolking bewus van en blootgestel aan die strewe na politieke vryheid en mag van die swart bevolking. Veral sedert die bewindsaanvaarding van die NP in 1948 is deurlopend aandag aan die regte en strewes van die massa gegee in ontwikkelingsplanne wat soms meer en soms minder effektief en suksesvol was. Politieke werklikhede en die verskerpte aanslae van die African National Congress (ANC), gesteun deur internasionale druk op die NP-regering, het tot versnelde hervorming sedert instelling die driekamerparlementêre stelsel in 1984 gelei en ook groot getalle konserwatiewe blankes van die regering vervreem.

As regerende party was die NP by magte om oor 'n tydperk van ongeveer veertig jaar met die rasseproblematiek van die land te stoei en was die blankes deurentyd bewus daarvan dat hervorming van die bestaande orde noodsaaklik en onvermydelik deel van die land se toekoms sou moes wees. Deel van die persepsie was ook die bewustheid dat die regerende party alle alternatiewe vir magsoordrag ondersoek en verbind sou bly tot die beskerming van die regte, veiligheid en voorregte van sy blanke ondersteuners. Die gevolglike gesindheid van die meerderheid blankes was vanweë

die sielkundige voorbereiding en propaganda deur die regering merendeels positief ten gunste van 'n regverdiger politieke bestel.

Na F.W. de Klerk se bewindsaanvaarding in Augustus 1989 het die hervormingsproses nuwe momentum verkry. De Klerk se praktiese politieke benadering en sy vermoë om sy ministers as 'n span te mobiliseer het na talle bosberade tot dramatiese hervormingsbesluite teen Februarie 1990 gelei. Sy hervormingspogings het verhoed dat die bedreiging van die vrede en stabiliteit deur die ANC 'n volskaalse gewapende inisiatief geword het en het internasionale druk verminder, maar dit het die NP heelwat steun ten gunste van die Konserwatiewe Party (KP) gekos en 'n relatief groot aantal blankes teen die regering die harnas ingejaag.

De Klerk se voordeel bo De Gaulle se situasie was sy direkte betrokkenheid by die verandering wat hy moes bestuur. Anders as De Gaulle was hy nie afhanklik van indirekte en subjektiewe interpretasies van gebeure nie, maar was hy direk daarby betrokke en kon hy vinnig reageer op voorvalle en tendense en sodoende effektiewe skadebeheer toepas wanneer hervormingsinisiatiewe nie na wense verloop het nie of regse geweld uitgebars het. Deur die hele versettydperk het hy onstuitbaar in sy standpunt en motivering ten opsigte van hervorming gebly en deurgaans ferm en konsekwent teenoor die regse blanke opstandelinge opgetree. Daar was geen twyfel aan sy erns dat hy niemand sou toelaat om 'n onderhandelde skikking met die ANC in gevaar te stel nie. Terwyl die *pieds noirs* die Franse rassesentimente suksesvol uitgebuit het om druk op die regering te plaas, het die De Klerk-regering deurgaans gepoog om spanning te ontlont deur versoenende uitsprake aan alle faksies en sodoende voorkom dat sy hervormingsvisie deur enige groepering gekaap kon word.

Ongeag die verskille tussen De Gaulle en De Klerk is beide se reputasie as charismatiese, visioenêre leiers onlosmaaklik deel van die geskiedenis van hulle onderskeie tydvakke.

#### 4.3.1.3 Rol van die regse versetleiers

In Algerië het die blanke verset aanvanklik nie 'n uitstaande burgerlike leier op die voorgrond laat tree nie. Namate die weermag egter die stryd teen die guerrillas verskerp het, het hulle toenemend met die regse sentimente begin simpatiseer. Algiers is in 1956 tot stilstand gedwing deur die stedelike guerrilla-aktiwiteite van die FLN, gemik teen die *pieds noirs.* Aanvalle en teenaanvalle tussen die FLN en die blanke setlaars het die stad geruk en rasse-antagonisme aangeblaas. Generaal

Massu het politieke en militêre mag verenig om die blankes (Franse burgers) te beskerm en die FLN-aktiwiteite aan bande te lê. As gevolg van die spesiale magte wat aan die weermag gegee is, het Massu 'n vrye hand in sy veldtog van internering, marteling en moord gehad.

Op hierdie tydstip het die weermag toenemend deel van die regse verset teen hervorming geword. Blanke ekstremiste soos Ortiz en Bidault het verklarings uitgereik en opruiende toesprake gehou, maar dit was die Franse generaals onder leiding van Massu wat die gewapende stryd namens die regses genadeloos gevoer het. As geharde vegters en na die oneervolle onttrekking uit Indo-Sjina wou die Franse leër ten alle koste verlore prestige herwin en Algerië was die slagveld waar dit moes gebeur.

Die aktivering van die AWB onder die leiding van die welsprekende Eugene Terre'Blanche het aan die regses in Suid-Afrika hoë profiel blootstelling verleen. Met sy besondere oratoriese vermoëns het hy nasionale-kulturele sentimente bevorder en die algemene ontevredenheid en wantroue in die regering verwoord en gewapende optrede as enigste oplossing vir die probleme van die blanke voorgehou. As lede van 'n paramilitêre organisasie was die AWB-lede uitstekend opgelei in guerrilla-oorlogvoering en was hulle oënskynlik goed bewapen. Hoewel die AWB en sy leier die prominentste versetgroep was, was hy nie die enigste nie. In teenstelling met die Algerynse regses wat verenig in hul verset was, het die Suid-Afrikaanse regse verset bestaan uit 'n menigte klein beweginkies waarvan die ware omvang en oogmerke uiters moeilik bepaalbaar was. Tot op die vooraand van die demokratiese verkiesing van 1994 is die regering met geweld gedreig, maar die fiasko met die regse inval in Bophuthatswana het getoon dat die regse militêre optrede nie naastenby die slaankrag gehad het waarmee Terre'Blanche gedreig en gespog het nie.

Die regses sou moontlik die wapen teen die regering opgeneem het, indien generaal Constand Viljoen tot die regse stryd toegetree het. As afgetrede hoof van die leër het hy geweldige steun in militêre kringe geniet. As voorste strateeg is hy by die regse stryd betrek in die hoop dat sy ervaring die knoop vir die regse versetbeweging sou kon deurhak in beplande militêre maneuvers. Sy ervaring het inderdaad 'n rol gespeel in die gebeure in die laaste dae voor die verkiesing deurdat hy op die laaste nippertjie sy eie politieke party (Vryheidsfront) geregistreer het en eerder die politieke opsie as die militêre opsie vir die oplos van die blanke se probleme gekies het. Sy motivering was die sinloosheid van geweld en bloedvergieting soos hy dit as militaris in die grensoorloë in Namibië en Angola beleef het.

Viljoen se optrede het die regse verset grootliks ontlont en het 'n noemenswaardige rol in die byna vreedsame verloop van die eerste demokratiese verkiesing gespeel.

Dit blyk dat nie net die gebeure tydens die verset deurslaggewend ten opsigte van die uitkoms was nie, maar dat die uiteenlopende persoonlikhede en lewens- en wêreldbeskouings van die regse leiers in 'n groot mate bepalend was ten opsigte van die strategie wat gevolg is.

#### 4.3.1.4 Rol van die weermag

Die rol van die weermag verskil radikaal in die twee lande se regse versetsituasies. Die waarskynlikste rede is die fenomenale verskil in die regerende politieke partye se benadering tot die verset.

In Algerië het die Franse regering te lank gewag met sy hervormingsbeleid. Teen die tyd dat hervormings geïmplementeer is, was die FLN-leër reeds opgelei en ontplooi as rewolusionêre leër gereed vir 'n volskaalse oorlog teen die Franse troepe. Die gevolg was dat die regse verset in Algerië binne 'n volskaalse oorlog vol trauma plaasgevind het. Die geweldige omvang van die FLN-leër en die gesindhede binne die Franse weermag het 'n meer gematigde of getemperde stryd onmoontlik gemaak. Veral die simpatie wat die blanke setlaars by die jong, meestal blanke Franse soldate gewek het, het 'n objektiewe beoordeling van die opsies te midde van 'n bloedige oorlog beperk en die regses van die militêre steun van hulle rasgenote verseker. Meegevoer deur die bedreiging wat hul blanke rasgenote en mede-Franse burgers in die gesig gestaar het en ver van die moederland en die direkte beheer van die regering was heelhartige steun aan die regse saak 'n logiese alternatief, veral indien die perspektiewe en optrede van die militêre leiers in ag geneem is.

In Suid-Afrika het die onderhandelingsuksesse van die Suid-Afrikaanse regering, die regering se sterk beheer oor die weermag en polisie, die positiewe gesindhede van 'n meerderheid van die bevolking en veral die ANC se akkommoderende houding 'n totaal ander opset geskep waarbinne die regse verset moes opereer. Veral die beperking van die aktiwiteite van die ANC se rewolusionêre leër, Umkhonto we Sizwe, voor 1990 deur die regering het 'n ingrypende verskil ten opsigte van die uitkoms van die konflik in Suid-Afrika gemaak. Die effektiewe beheer van die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) en polisie deur die regering het nie alleen die linkse ontplooiing van die rewolusionêre leër belemmer nie, maar ook deur effektiewe optrede die regse militêre weerstand die nek ingeslaan.

Die effektiewe beheer van die weermag deur die bewindhebbende regering kan gevolglik aangedui word as 'n beduidende verskil tussen die konflik in Algerië en die in Suid-Afrika. In samehang hiermee kan die gesindheid van byna alle belangegroepe in Suid-Afrika om 'n slagting, indien enigsins moontlik, te vermy by die rol van die weermag ingelees word. Die blootstelling van 'n groot deel van die Suid-Afrikaanse bevolking aan die uitgerekte bosoorloë op die landsgrense en die lewensverlies wat daarmee gepaard gegaan het, was nog vars in die geheue van veral die blanke Afrikaners, wat 'n leidende rol daarin gespeel het. Dit het baie Afrikaners laat besef dat hulle 'n oplossing moes vind waarin geweld beëindig sou word. Daarteenoor was die Algeryne lankal reeds by die onderhandelingstadium verby en midde in 'n bloedbad toe die regse verset teen die Franse regering se hervormings 'n aanvang geneem het.

Terwyl generaal Massu daarin geslaag het om die militêre en politieke mag binne Algerië tot voordeel van die regses saam te snoer, was 'n soortgelyke situasie nie in Suid-Afrika moontlik nie, vanweë die regses se beskeie minderheid binne die blanke politieke opset en die regering se effektiewe beheer oor die weermag.

## 4.3.2 Geografiese verskille

Talle van die verskille waarna in die studie verwys word, is direk beïnvloed deur die geografiese posisionering van die rolspelers. In kort impliseer dit, soos reeds genoem in die beoordeling van die verskille ten opsigte van die regerende leiers, dat die regering vanuit Frankryk, as moederland, vanweë die geografiese verwyderdheid van die konflikgebied nie op eerste handse inligting kon handel of direk by die gebeure betrek is nie. Die afstand tussen die moederland en die kolonie het meer as verwydering in terme van kilometers behels. Deur van buite Algerië die verset, sowel as bevrydingsoorlog, te probeer beredder sonder direkte blootstelling aan die werklikheid van die land en sy mense was problematies en byna fataal, omdat dit die bewindhebbers uitgelewer het aan die subjektiewe persepsies van hul gesante.

In die Suid-Afrikaanse situasie was die direkte blootstelling en belewing van die konflik op 'n dag tot dag basis tot voordeel van snelle en effektiewe handeling gegrond op eerstehandse inligting, ervaring en beheeruitoefening deur die regerende leiers.

Die geografiese posisie het verder implikasies ten opsigte van die keuses van die bevolking in konflik. Aan die regse blankes het Algerië se ligging naby Europa en veral Frankryk die moontlikheid van ontvlugting en 'n nuwe lewe na die rewolusie gebied. Blanke Suid-Afrikaners sou moeilik 'n soortgelyke opsie kon uitoefen, aangesien Suid-

Afrika se geografiese verwyderdheid van die bakermat van Afrikanerherkoms dit in die meeste gevalle logisties onmoontlik sou maak. Regse blankes was gevolglik uiteindelik uitgelewer aan die realiteit dat 'n werkbare en blywende oplossing binne Suid-Afrika gevind moes word, omdat daar slegs vir 'n gelukkige, klein minderheid 'n ander heenkome elders moontlik was. Die geografiese posisie van die twee lande het derhalwe 'n rol gespeel in die perspektiewe van die opstandelinge ten opsigte van hul verset en die vorm wat dit sou aanneem.

### 4.3.3 Verskille met betrekking tot die verloop van die regse verset

Die verloop van die regse verset in Algerië wyk grootliks af van die patroon wat die verset in Suid-Afrika gevolg het. 'n Ooglopende oorsaak daarvoor is die groepering van die rolspelers, wat 'n totaal verskillende dimensie aan die intensiteit aan die gebeure gegee het[5]. Hoewel die regse verset in beide lande ongeveer dieselfde patroon van stedelike terrorisme aangeneem het, wil dit voorkom asof die tydgees waarin die verset afspeel 'n invloed op die intensiteit daarvan gehad het.

In Algerië het genadelose metodes die optrede van al die konflikterende groepe gekenmerk ten spyte van die diepgewortelde liberaal-humanistiese beginsels wat in die Franse gemeenskap gegeld het. Die bloedbad waarin die land gedompel is, was waarskynlik 'n uitvloeisel van die Uhuru-era van voortstuwende nasionalisme wat gedurende die vyftigerjare oor die kontinent gespoel het. Die gees van die tyd moet gesien word teen die agtergrond van die omstandighede in 'n post-Tweede Wêreldoorlogse internasionale bestel. Geweld as opsie om konflik te besleg was die reël eerder as die uitsondering op 'n internasionale toneel gedomineer deur bewapeningswedlope en ideologiese blokvorming.

Die meer getemperde optrede van die konflikterende groepe in Suid-Afrika dertig jaar later kan toegeskryf word aan 'n nuwe era en totaal nuwe internasionale bestel na die verbrokkeling van die Unie van Sosialistiese Sowjetrepublieke (USSR). 'n Tydgees waarin tegnologiese ontwikkeling van ons wêreld 'n kleiner en meer interafhanklike wêreld as ooit tevore in die geskiedenis gemaak het en waarin samewerking en menseregte van die hoofkenmerke is, het veroorsaak dat alle partye in Suid-Afrika meer akkommoderend opgetree het met die oog op 'n vrye, regverdige en vreedsame bestel. Anders as in die vyftigerjare tydens die magstryd tussen Oos en Wes kon

---

5 Vgl. afdeling 4.3.1.1 hierbo.

wêreldleiers hulle invloed en steun sonder bymotiewe monster ter bereddering van menseregte en vrye samelewings wêreldwyd.

'n Verder verskilpunt ten opsigte van die verloop van die twee versetsituasies lê in die feit dat die regses in Algerië hul hoop kon vestig op Franse steun en ingryping, terwyl die blankes in Suid-Afrika hulself vasgeloop het teen 'n muur van buitelandse veroordeling van rassediskriminasie en van die oorheersing van blankes oor gekleurde groepe. Die Suid-Afrikaanse blankes het die wrange vrugte van buitelandse inmenging en teenkanting gesmaak in die vorm van ekonomiese sanksies, wat die land byna lamgelê en die ekonomie ernstig geknou het. Die realiteit dat hy as die "muishond" van die wêreld beskou is en die ekonomiese implikasies wat verset teen 'n nuwe bestel ingehou het, het die publieke mening ten gunste van politieke verandering beïnvloed.

## 4.4 Slotbeskouing

Die aard van die regse verset was nie die deurslaggewende faktor wat die aard of uitkoms van die konflik bepaal het nie. Die groepering van die konflikterende groepe en wie die verset teengestaan of gesteun het, was eerder die deurslaggewende faktore. Die uiteenlopende steunbasisse van die versetgroepe het veroorsaak dat die verset in Suid-Afrika nie so 'n ernstige vorm soos die Algerynse konflik aangeneem het nie.

'n Belangrike aspek, wat 'n rol gespeel het ten opsigte van die intensiteit van die konfliksituasies was die tydstip waarop verset geaktiveer is. In Algerië het die blanke regse verset eers momentum verkry nadat die FLN in 'n operasioneel funksionerende leër begin optree het, terwyl die konflikterende strewes van Suid-Afrikaners met dialoog en rasionele denke eerder as geweld as opsie benader is. Die sterk, gefokusde leiers direk in kontak met die situasie op grondvlak en met 'n lang geskiedenis van hervormingspogings tot hulle voordeel het die Suid-Afrikaanse konflik nie net minder plofbaar gemaak nie, maar het ook 'n voordeel verskaf waarin die Franse nie gedeel het nie.

Die erkenning wat in Suid-Afrika aan die rol van die blankes ten opsigte van die ontwikkeling van die land gegee is, sowel as die versoenende gesindheid van die leiers van die vryheidsvegters en hulle visie van die rol van die blankes in die land se toekoms het die gesindhede van die meerderheid blankes ten gunste van die onafwendbare veranderde politieke bestel geswaai. Veral die rol wat Nelson Mandela met sy charismatiese persoonlikheid en versoenende houding gespeel het, was van deurslaggewende belang. Hierteenoor was daar nie onder die Arabiese/Algerynse-

leiers iemand met 'n soortgelyke persoonlikheid en versoenende perspektief nie. Die meeste blankes in Suid-Afrika het besef gevolglik dat samewerking met die swart meerderheid 'n beter alternatief as verdere verset en geweld was.

In teenstelling hiermee kan die uitsiglose toekoms, wat die Algerynse blankes antisipeer het, gestel word. Vanweë die verwyderdheid van die beleidsbepalers uit die situasie waarin die blankes hul bevind het en teen 'n agtergrond van 'n rewolusionêre bevrydingstryd wat reeds te ver gegaan het omdat daar nie genoeg hervorming betyds deurgevoer is nie, het die regses perspektief en toekomsvisie ingeboet en is hulle vasgevang in 'n oorlewingstryd gekenmerk deur bloedvergieting.

Soos reeds in die vorige afdeling gemeld, het die tydsfaktor 'n deurslaggewende invloed op die uitkomste van die twee versetsituasies gehad. Teen 1960 was dit nog glad nie vir die Europeërs in Algerië duidelik dat die koloniale era inderdaad verby was nie. Hierteenoor was Suid-Afrika reeds dekades gewikkel in 'n stryd om die apartheidstelsel meer akkommoderend vir die inheemse bevolking te maak, maar met die hoofdoel om sodoende blanke politieke beheer te behou. Anders as dertig jaar tevore in die geval van Algerië was daar nou in die Westerse wêreld byna algemene veroordeling van 'n beleid van blanke oorheersing in Afrika. Teen 1990 was dit vir die blankes duidelik dat hulle nie veel langer so sou kon voortgaan nie.